

7 September

Skrifgedeelte: Handeling 17:15-34 (OAV)

Fokusgedeelte: Handeling 17:30-34

Christus op die Areopagus

Jy sien dit hier in Handeling 17 feitlik voor jou oë gebeur. Hier staan Paulus dag na dag op die mark van Atene soos 'n regte koopman die evangelie aanbied aan elkeen wat maar wil luister! En na 'n ruk kom selfs die professore van die Universiteit van Atene en nooi hom uit om te kom klas gee oor 'n God wat hulle nie ken nie!

En die vreemdste ding wat hierdie amateur-professor vir hulle vertel is van “'n Man wat Hy (die “onbekende God”) aangestel het,” wat dood was – aan 'n kruis nogal! – maar wat nog steeds lewe. En daardie Man kom op 'n vasgestelde dag terug om die wêreld “in geregtigheid” te oordeel. Alle mense wat dan reeds gesterf het, sal opstaan en deur daardie Man geoordeel word. Kan jy dit glo?!

Wel, die meeste mense was te geleerd om dit te glo. Die Epikeneërs het in elk geval geglo in dit wat jy kan sien en hoor en voel, en die Stoïsynste wysgere het gereken dat jy die lewe maar moet vat soos wat dit is en maar so goed as moontlik jou plig moet doen, en verder hoop jy maar vir die beste. En nou kom hierdie man en hy vertel van 'n oordeel en van 'n tweede kans om “in geregtigheid” geoordeel te word! Dis mos belaglik! Sommige van sy hoorders het dan ook begin spot met die dwaasheid: mens lewe mos maar net eenkeer en jy moet maar die beste of die lekkerste daarvan maak. Party was fatsoenlik: “Ons sal u weer daaromtrent hoor.”

'n Paar mans en een vrou het geglo dat Jesus lewe en het by Paulus aangesluit. 'n Teleurstellende resultaat, sou mens sê. Maar wat is ons reaksie op hierdie opstandingsprediking? Paulus se eie lewe het daardeur radikaal verander. Van 'n iesegrimme vervolger van die gelowiges (Hand 9) het hy 'n blymoedige verlore kind van God en 'n volhardende verkondiger van die lewende Heiland geword. “Ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my”, sê hy later (Gal 2:20). Laat ek eerlik wees: daardie totale oorgawe van my lewe aan Christus ontbreek dikwels nog by my! Ek het daar, veral in moeilike omstandighede nog 'n stryd mee. Trouens, Paulus was ook maar nie altyd so rustig oor sy lewe nie. “Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood?” Maar onmiddellik daarna weet hy nou: “Ek dank God deur Jesus Christus onse Here!” Dat Jesus lewe, beteken dat ek nie op myself en my geloofsvermoë aangewys is nie. Hy gaan stap vir stap saam met my. “Wandel maar rustig agter Hom aan. Hy gaan vooraan!”

Sing: Psalm 84:6 (Totius)

Ds LH Stavast (Emeritus)